’N MISSIONALE KERK-REAKSIE OP DIE KORONAVIRUS (COVID-19) EN DIE IMPAK OP DIE SUID-AFRIKAANSE SAMELEWING

NG Kerk
ALGEMENE SINODE

’n Bondige padkaart met die oog op die ekumene en netwerke na aanleiding van 'n versnelde leerervaring.

“Ek sê vir myself:
Die Here is my
lewe, daarom hoop
ek op Hom.”

Klaagliedere 3:24

INHOUD

I. INLEIDING 4

II. DIE VRAAG WAARMEE HIERDIE DOKUMENT WERK 5

STAP 1: ORGANISEER DIE GEMEENTE INTERN 5

HOU DIT EENVOUDIG 5
VESTIG 'N PROJEKSPAN 7
VERFYN DIE PLAN 7

STAP 2: BOU AKTIEF 'N NETWERK VAN KERKE EN VENNOTE 8

DIE LIGGAAM VAN CHRISTUS IN DIE LIG VAN COVID-19 8
DIE PLAASLIKE KANALE VAN HULP EN HOOP 8
DIE HULP EN HOOP WAT MOET VLOEI 9
DIE PLAASLIKE EKUMENIESE DIENSNETWERK 9
WENKE VIR DIE GEMEENTES BINNE DIE NETWERK 10

STAP 3: VESTIG 'N EFFEKTIEWE EN BETROUBARE KOMMUNIKASIEBASIS 10

VERSTERK KOMMUNIKASIE IN DIE NETWERK SELF 11
DOELGERIGTE KOMMUNIKASIE MET KWESBARES IN DIE GEMEENSKAP 11

NOG VOORSTELLE VIR KOMMUNIKASIE PLATFORMS 12

BELANGRIKE ROLSPELERS OP PLAASLIKE EN NASIONALE VLAKKE VAN REGERING 12

OP MUNISIPALE VLAK 12
OP STREEKS- EN PROVINSIALE VLAK 13

BRONNELYS EN LEESLYS 13

I. INLEIDING

TREUR

Die koronavirus (Covid-19) het oornag 'n ongekende wêreldwye krisis geskep. Soos Leonard Sweet sê, is hierdie vreemde werklikheid 'n troefkaart-scenario ('n *wild* card of 'n *black swan*); nie iets wat ons voorsien of kon voorspel nie; veral ook nie die ingrypende manier waarop dit ons lewens verander het nie, waarskynlik vir altyd! Daarom praat ons nou alreeds van 'n nuwe normaal en wonder ons hoe dit sal lyk.

Uitdagings soos hierdie gaan nie by kinders van God verby nie. Bestaanskrississe bring ook vir die kinders van God ontnugtering en soms selfs 'n geloofskrisis. Maar God hou ons vas! Om hierdie rede hoor ons regdeur die geskiedenis van die mensdom dat krisis en ontbering gelowiges se verhouding met God verdiep en 'n verinnigde toekomsperspektief bring. Daarom getuig Jeremia in Klaagliedere (3:24): "Ek sê vir myself: Die Here is my lewe, daarom hoop ek op Hom."

Gelowiges hoef nie weg te steek dat hulle verliese ervaar, met vrae worstel en soms selfs ween oor omstandighede nie. Ons bemoedig mekaar met die troos dat ons deur dit alles aan God behoort!

LEER

Hierdie handleiding word saamgestel om gemeentes op 'n baie praktiese manier te help om vanuit netwerke en ingebind in die groter liggaam van Christus (die ekumene) aktiewe troos en verligting deur praktiese hulpverlening en pastorale bystand te bring. Onbekende omstandighede maak dit moeilik om uit die staanspoor vanuit sogenaamde beste-praktyke te werk. Ons bevind ons eerder in ontwikkelende praktyke (emerging practices) en leer daarom soos ons aangaan. Waarnemings dui alreeds 'n paar bakens aan: (a) hierdie krisis gaan nie oornag tot 'n einde kom nie; (b) geen gemeente gaan op sy eie volhoubaar hulp kan verleen waar die nood is nie; (c) koördinering is noodsaaklik om seker te maak dat niemand honger gaan slaap of vereensaam nie; (d) daar is 'n intense behoefte aan pastorale ondersteuning (sien bronne by aangehegde leeslys).

DOEN

Uit voorafgaande blyk dit duidelik dat netwerke tussen die regering, die sakesektor en die burgerlike samelewing, waarvan die kerk en nie-regeringsorganisasies deel uitmaak, die sekerste manier is om die net wyd genoeg te span dat niemand onnodig ly nie. Die mees natuurlike aanknopingspunt met die oog op netwerkvorming vir die kerk, is sy kerklike maatskaplike diensrade en die ekumene. Gemeentes wat bestaande bande in die ekumene het, kan onmiddellik op hierdie verhoudings terugval. Meer en meer hoor ons die getuienis van die sukses wat hierdeur bereik word. Waar die ekumeniese front daarin slaag om goeie kontak met die plaaslike regeringsinstansies en besighede te sluit, is die saak feitlik gewen! Hierdie handleiding het ten doel om te leer uit die ervaring van sulke ekumeniese netwerke wat binne enkele weke na die instel van die inperkingsperiode, oorgegaan het tot 'n bewese suksesmodel.

Die strategie wat in hierdie handleiding voorgestel word, werk met met drie, nee vier eenvoudige, tog kritiese beginsels: **PLAASLIKE EKUMENIESE NETWERKE** – en gaan oor niks anders as dat die Liggaam van Christus tot **AKSIE** oorgaan nie. Die liefde van Christus dring ons!

II. DIE VRAAG WAARMEE HIERDIE DOKUMENT WERK

Hoe organiseer ons onsself om op die mees effektiewe manier op die huidige Covid-19 realiteit te reageer en hoe posisioneer ons onsself om 'n lewegewende verskil in die langer termyn realiteit van ons gemeentes en elke persoon in ons land te maak.

Gemeentes kan hulself in 'n beter posisie plaas om vir 'n tydperk wat uiters onseker is, op drie stappe te fokus om met volhoubare uitreik voort te gaan.

STAP 1: ORGANISEER DIE GEMEENTE INTERN

Die gemeente reageer uit 'n oortuiging van roeping en met 'n brandende begeerte om na mense in nood uit te reik. Daarom gaan die gemeente biddend oor tot 'n daadwerklike plan van aksie.

HOU DIT EENVOUDIG

Die gemeente werk met 'n plan.
Die plan is nie te ingewikkeld nie, trouens, dit is heel eenvoudig.
Die volgende kan help met die organiseringsproses:

Ervaring uit die verlede met ramponderseunings- en ander barmhartigheidswerk

Droogtes, brande, oorstromings en ander natuurrampe het ons waardevolle lesse geleer wat nou as ervaring dien. Die kerk het 'n lang geskiedenis van barmhartigheid – om uit te reik kom amper as tweede natuur vir die kerk en die meeste gemeentes het barmhartigheidsbedieninge in plek.

Bestaande bedieninge vorm 'n goeie basis

Gemeentes doen 'n waarderende ondersoek na waar hulle voor die pandemie reeds aktiewe bedieninge en verhoudings gehad het en bou net hierop voort, bv. bestaande betrokkenheid by haweloses, sopkombuise, bejaardes, swanger vroue.

Gemeentelede met spesialiteitskennis

Lidmate met werkservaring in staatsdepartemente, mediese agtergrond, logistieke bestuur, kommunikasie, tegnologie of watter toepaslike ervaring ook al, kan nou van groot waarde wees om die ontwikkeling van die gemeente se reaksieplan in werking te stel.

Sekerheid oor maatreëls en regulasies

Die gemeente vergewis hulself van die huidige maatreëls en funksioneer binne hierdie bepalings. Daar is getuieniswaarde in die manier waarop die gemeente reageer op bepalings wat billik en in kollektiewe belang is.

VESTIG 'N PROJEKSPAN

Die kerk se reaksie moet deur goeie leierskap gelei word.

- Identifiseer die span wat leiding neem en klaar rolle en verantwoordelikhede uit. Byvoorbeeld:

SAMEROEPER	Die persoon hou oorsigtelik die uitvoering en ontwikkeling van die plan in die oog en fasiliteer die projekspan se onderlinge kontak
KOMMUNIKASIE	Wys een persoon/punt aan vanwaar eenvormige kommunikasie uitgaan. Is dit ook die persoon wat navrae beantwoord?
SKAKELING	Wie hanteer skakeling met ander rolspelers wanneer die netwerk uitbrei/ander rolspelers betrokke raak.
LOGISTIEK	Wys 'n logistieke sameroeper aan vir praktiese uitvoering, bv ontvang van donasies, verpakking, verspreiding.
FINANSIES	Besluit hoe die finansies van die projek bestuur gaan word. Oorweeg 'n CMR-program as fudisiêre vennoot omdat hulle gewoonlik ook Artikel 18A sertifikate vir donateurs kan uitreik.

VERFYN DIE PLAN

- Waarop gaan julle fokus – waar wil julle help en hoekom spesifiek daar?
- Kommunikeer die plan in die gemeente en nooi vrywilligers om aan te sluit – dui aan watter tipe vrywilligers gesoek word.
- Die koördineringspan behoort so gereeld moontlik (verkieslik elke oggend) te ontmoet.
- Die span gee terugvoer, besluit op volgende stappe of spesifieke uitdagings wat hanteer moet word.
- Die plan is aanpasbaar, aangesien omstandighede bly verander.

STAP 2: BOU AKTIEF 'N NETWERK VAN KERKE EN VENNOTE

> God het die liggaam so saamgestel dat Hy groter eer gegee het aan die lid wat eer kort kom, sodat daar nie verdeeldheid in die liggaam sou wees nie, maar dat die lede gelyke sorg vir mekaar dra. As een lid ly, ly al die lede saam; en as een lid geëer word, is al die lede saam bly.

1 Kor 12:24-26

DIE LIGGAAM VAN CHRISTUS IN DIE LIG VAN COVID-19

Een van die belangrikste lesse wat 'n wêreldwye ramp soos Covid-19 ons leer, is dat die liggaam waarvan 1 Kor 12:24-26 praat, nie net vir ons eie gemeente geld nie. Die hele NG-kerkverband van ringe, sinodes en algemene sinode, word verstaan as die liggaam van Christus. Trouens, hierdie verse geld vir alle Christelike kerke of denominasies. Rampe en pandemies laat ons vinnig besef dat alle kinders van die Here soos 'n liggaam aan mekaar verbind is en dat onderlinge verskille minder belangrik is as die gesamentlike stryd teen die ramp of pandemie. Die koronavirus maak nie onderskeid nie! Daarom moet ons saam ekumeniese kanale bou waardeur hulp en hoop in hierdie tyd aan mense in nood kan vloei.

DIE PLAASLIKE KANALE VAN HULP EN HOOP

Die gemeente moet dus in die stryd teen Covid-19 plaaslik hande vat met ander kerke en diensleweringsorganisasies, soos die CMR (kerklike maatskaplike diensorganisasie) naby die gemeente. Covid-19 kan ons nie alleen beveg nie. Die meeste gemeentes het reeds goeie kontak met ander kerke in 'n plaaslike ekumeniese struktuur. Die meeste gemeentes het ook reeds goeie kontak met die plaaslike kerklike maatskaplike dienste of ander organisasies wat hulp aan mense in nood lewer. Die uitdaging is nou om almal in een struktuur of gesprek of “fraternal” bymekaar te bring en 'n gesamentlike Covid-19 strategie vir jou plaaslike omgewing te ontwikkel.

Die SARK (Suid Afrikaanse Raad van Kerke) noem hierdie strukture LEANs (Local Ecumenical Action Networks), maar daar is reeds baie ander name, bv 'n “Church Leaders Network”. Wat die bestaande of nuwe plaaslike strukture voortaan egter anders maak, is dat dit ook die maatskaplike diensleweringsorganisasies as vennote sal moet intrek. Hierdie diensleweringspunte behoort geloofsgebaseerde maatskaplike dienskantore, tuistes vir bejaardes, kinder- en jeugsorgsentrums, en baie ander, in te sluit.

DIE HULP EN HOOP WAT MOET VLOEI

In die KMDR (Kerklike Maatskaplike Diensteraad) word die plaaslike dienslewerings-punte van lidorganisasies (CMR, Engo, Badisa, Caritas, ens), Sentrums van Hoop genoem. En "Hoop" word hier met 'n hoofletter gespel omdat dit ook na Jesus Christus as die finale Hoop van die wêreld verwys.

Die "water" wat in die kanaal van die plaaslike ekumeniese dienslewerings-struktuur tot binne-in die woonplek van mense in nood vloei, is dus **materiële sowel as pastorale ondersteuning**. En dit kan verskillende vorms aanneem, van kospakkies en koskoepons (vouchers) tot die pastorale hand-vashou van iemand wat sterf. Beide die materiële ondersteuning en die pastorale en psigiese versorging van mense is natuurlik 'n uitdaging in tye van inperking en sosiale afstand. Gemeentes vind egter innoverende maniere deur die sosiale media en ander wyses van kontak, om die "water" steeds te laat vloei.

DIE PLAASLIKE EKUMENIESE DIENSNETWERK

REIK UIT	Reik uit na ander kerke in die omgewing en vra of daar nie 'n gesamentlike netwerk (span) gevorm kan word nie – begin by dié kerke met wie daar alreeds bestaande samewerking is of was en brei dit stelselmatig uit. Dalk is daar 'n bestaande netwerk waarby die gemeente bloot net kan aansluit.
DEEL DIE PLAN	Deel die gemeente se plan met hulle – en dit wat die gemeente na die tafel bring.
BREI UIT	Nooi hulle om aan te dui wat hulle na die tafel kan bring en ook ander fokusareas voor te stel.
KERNSPAN	Wys 'n kern-koördineringspan binne die netwerk aan.
KOMMUNIKSIE	Besluit hoe julle binne die netwerk gaan kommunikeer.
OOP DEUR	Hou die netwerk oop vir ander rolspelers om ook mettertyd aan te sluit.

WENKE VIR DIE GEMEENTES BINNE DIE NETWERK

- Die kerkraad van elke deelnemende kerk ondersteun die netwerkstrategie.
- Dit is verkieslik dat die dominee self die gemeente op die ekumeniese diensnetwerk verteenwoordig.
- Betrek die maatskaplike werkers en/of bestuurders van die plaaslike diensorganisasies (ons eie CMR / Tuiste vir Bejaardes / Kindersorgsentrums en ander geloofsgebaseerde organisasies soos SAVF / ACVV / ens).
- Besluit of daar een of meer ekumeniese diensleweringstrukture vir die hele omgewing of dorp moet wees.
- Sorg dat goeie kontak gehou word met ander diensleweringstrukture in die omgewing of buurgemeenskap.
- Bepaal watter hulp en Hoop reeds na watter dele van die gemeenskap vloei.
- Besluit saam oor die versorging van almal in die gemeenskap ("...sodat daar ewewig sal wees..." – 2 Kor.8:13).
- Kry inligting oor wat die plaaslike owerheid se rampbestuurplan vir die omgewing is en watter plaaslike bronne beskikbaar is.
- Betrek beslis die plaaslike owerheid om gesamentlik te koördineer en die ekumenies diensleweringsstruktuur ook vir hulle as 'n kanaal vir voedselsekuriteit aan te bied.
- "Registreer (naam en kontakbesonderhede) die ekumeniese diensleweringsstruktuur by die sinode (provinsiale vlak) en by die algemene sinode (esters@ngk.org.za) en KMDR (Nasionale vlak) vir enige moontlikheid van ondersteuning vanaf daardie vlakke; (sien bv. die KZNCC Covid-19 netwerk in die bronnelys).

Werk saam, werk hard en laat die hele gemeente saam bid!

STAP 3: VESTIG 'N EFFEKTIEWE EN BETROUBARE KOMMUNIKASIEBASIS

Krisistye vereis kalmte en rasionaliteit asook duidelike informasie wat sonder om paniek te wek op die mees effektiewe maniere gekommunikeer word. Die doel van 'n kommunikasiestrategie is om te verseker dat ondersteunende informasie deurlopend en betroubaar gekommunikeer word. Hierdie doelwit verlang oop kommunikasiekanale wat aan die teikengehoor verstaanbare en betroubare inligting voorsien wat maklik is om te volg en te implementeer. Ons benodig kommunikasie wat mense deur die krisis help sonder om by te dra tot angs en paniek.

VERSTERK KOMMUNIKASIE IN DIE NETWERK SELF

Kontakbesonderhde van alle deelnemende gemeentes, kerke en persone in leiersposisies van verskillende afdelings moet voorhande wees: telefoon en/of selfoonnommers, adresse en eposadresse.

Oorweeg 'n sentrale noodnommer vir gebruik deur gemeentes (dalk 'n plaaslike maatskaplike kantoor of kerkkantoor wat oor kapasiteit beskik).

Oorweeg WhatsApp-uitsendings (broadcast) vir dringende deurgee van inligting. Verseker dat inhoud korrek en gepas is.

Verwys na die amptelike Covid-19 webwerf vir opgedateerde en korrekte inligting: www.sacoronavirus.co.za

Gee betroubare inligting ten opsigte van prosedures vir wanneer die vermoede bestaan dat iemand met Covid-19 geïnfekteer is met verwysing na aanmeldingsentra.

Kommunikeer die verandering van regulasies en maatreëls soos wat dit amptelik bekend raak.

DOELGERIGTE KOMMUNIKASIE MET KWESBARES IN DIE GEMEENSKAP

Aangesien daar heelwat mense in die gemeenskap kan wees wat nie noodwendig toegang tot die tegnologie op die verskillende platforms het nie, moet bepaal word hoe om kontak te behou met diegene wat nie op die algemene maniere gekontak kan word nie.

NOG VOORSTELLE VIR KOMMUNIKASIE PLATFORMS

E-pos: Benut bestaande databasisse van gemeentes om 'n eposnetwerk saam te stel vir die gemeenskap.

WhatsApp-groepe: Baie effektief. Beperk die administrateurs wat boodskappe kan stuur en kontroleer die inligting wat gestuur word ten opsite van akkuraatheid en relevansie. Beperk verkeer op die groep deur reaksies op boodskappe te deaktiveer.

SMS of teksboodskappe: Relatief goedkoop en stuur outomaties wanneer sein beskikbaar is.

Sosiale media netwerkkommunikasie: Benutting van sosiale media vir gemeentegroepe en -bladsye.



Telefoonnetwerke: Identifiseer 'n bel-mekaar telefoon-netwerk om boodskappe van persoon tot persoon oor te dra (let op die gevaar van bederwing van die boodskap inhoud).

BELANGRIKE ROLSPELERS OP PLAASLIKE EN NASIONALE VLAKKE VAN REGERING

Vir die staat is 'n gekoördineerde benadering in die materiële versorging van gemeenskappe van groot belang. In hierdie koördinering kan ons die staat ondersteun "...sodat daar ewewig sal wees..." (2 Kor.8:13) en "Dié met baie, het nie te veel gehad nie, en dié met 'n bietjie, nie te min nie." (2 Kor.8:15). Daarom is dit belangrik om kontak te maak met die plaaslike regeringstrukture in die omgewing.

Op Munisipale vlak:

- Die Voorsitter of Lid van die Munisipale Rampbestuurspan. Elke munisipaliteit het 'n rampbestuurspan, wat gewoonlik ook toegang het tot 'n rampfonds of 'n maatskaplike ontwikkelingsfonds. Die kantoor van die munisipale bestuurder kan hierdie inligting verskaf.
- Die Bestuurder van die plaaslike kantoor van die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling (AKA: DSD) Daar is 'n departementele kantoor in die meeste munisipaliteite of ten minste in al die streeksdistrikte. Dikwels lê die koördineringsfunksie vir versorging en ondersteuning hier.
  Die naaste Sentrum van Hoop van die kerklike maatskaplike dienste (Badisa / Engo / Caritas /CMR) het kontakbesonderhede van die Departement.

Op Streeks- en Provinsiale vlak:

Elke Provinsie in die land is in 'n aantal regeringstreke verdeel, wat 'n aantal landdrosdistrikte saambind. Regeringsdepartemente volg die hiërargie van **Nasionaal –Provinsiaal – Streke – Plaaslike Kantore** redelik streng. Soms is die omvang van die nood te groot om plaaslik effektief te hanteer, of is die plaaslike regeringstrukture en -rolspelers nie beskikbaar nie. Dan is dit nodig om by die Streekskantore van Regeringsdepartemente aan te klop. Die kerklike maatskaplike dienskantore (CMRs / Gesinsorgkantore) is 'n gevestigde kanaal vir kommunikasie na die Streeks- of Provinsiale Departement van Maatskaplike Ontwikkeling. Gesondheidsrampe, soos Covid-19, vra gewoonlik ook die insette en ondersteuning van die Departement van Gesondheid. Die plaaslike tuiste vir bejaardes het gevestigde kommunikasiekanale na hierdie Departement. Die plaaslike skole is kanale na die Departement van Onderwys en die polisiekantoor is die kanaal na die regering se veiligheidsdepartemente.

> “Gebed: “Here, lei ons om DOENERS te wees wat ons naaste liefhet uit dankbaarheid vir U liefde vir ons.”

BRONNELYS EN LEESLYS

Aten, J. Annan, K. Humanitarian Disaster Institute. 2020. PREPARING Your CHURCH for Coronavirus (COVID-19) A Step-by-Step, Research-Informed and Faith-Based Planning Manual

Leonard Sweet. ‘n Onderhoud met Dr Mark Chironna - https://www.facebook.com/drmarkchironna/videos/644447162787881/?t=6

SA Council of Churches, 2020. SACC Local Ecumenical Action Netword (LEAN) – Starter Pack. Skakel: http://ngkerk.net/veiligheidsdepartemente.

Hierdie gids is saamgestel deur lede van die Algemene Sinodale Taakspan Missionale Diakonaat (R de Koning, N Venter) en KMDR (B van Aarde, J Botha). 2020.